| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Regters: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / Nee |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling)

Saak No: 24/08
Datum gelewer: 04/06/2008

**In die saak tussen:**

DIE STAAT

*en*

PIETER KOBUS ABRAHAMS

Coram: Olivier R en Mokgohloa WnR

## UITSPRAAK OP HERSIENING

**Olivier R:**

1. Die beskuldigde het as 'n onverteenwoordigde aangeklaagde in die Landdroshof skuldig gepleit op 'n aanklag van die oortreding van artikel 31(1) van die Wet op Onderhoud, 99 van 1998. Nadat hy skuldig bevind is, is hy gevonnis tot 'n boete van R2 000,00 of 12 maande gevangenisstraf, welke vonnis in die geheel voorwaardelik opgeskort is vir drie jaar. Die aangeleentheid dien nou op outomatiese hersiening.

2. Ek het etlike navrae ten aansien van beide die skuldigbevinding en die vonnis aan die betrokke landdros gerig. Die landdros gee toe dat verskeie onreëlmatighede begaan is en dat beide die skuldigbevinding en die vonnis tersyde gestel behoort te word. In die lig van hierdie toegewing gaan ek bloot na enkele

van die probleme ten aansien van die skuldigbevinding alleen verwys.

3. Die beskuldigde is skuldig bevind nadat die landdros, na aanleiding van 'n aanduiding tot dié effek deur die aanklaer, ingevolge artikel 112(1)(a) van die Strafproseswet gehandel het en die beskuldigde dus skuldig bevind het sonder 'n ondervraging of 'n verklaring van die kant van die beskuldigde.

4. Die aanklag soos uiteengesit in die dagvaarding verskil van dié uiteengesit in 'n aanhangsel tot die dagvaarding, beide ten aansien van die tydperk van versuim (om die onderhoudsbevel na te kom) en die totale agterstallige bedrag.

5. By navraag verklaar die landdros dat die weergawe in die aanhangsel die een is wat aan die beskuldigde gestel is. Dit beteken dat daar 'n aanklag aan die beskuldigde gestel is wat wesenlik verskil het van die een vervat in die dagvaarding wat op hom bestel is en op sterkte waarvan hy Hof toe is; en dit sonder dat enige stappe geneem is om die aanklag te wysig of die beskuldigde daarop bedag te maak dat 'n verskillende aanklag aan hom gestel sou word.

6. Volgens beide weergawes van die aanklag is die onderhoudsbevel op 7 Maart 2006 gemaak en die strekking van beide weergawes van die aanklag was dat die beskuldigde van die begin af geen betalings gemaak het nie.

7. In strafversagting het die beskuldigde aangevoer dat hy wel aanvanklik betaal het, totdat hy sy werk op 3 November 2006 verloor het en dat hy daarna, nadat hy weer 'n werk bekom het, weer betaal het totdat hy weereens werkloos geraak het.

8. Ek is van oordeel dat daar by die landdros teen hierdie agtergrond twyfel moes bestaan het of die beskuldigde regtens skuldig was op die aanklag soos wat dit bewoord was (en hy daarop skuldig gepleit het) en of die beskuldigde nie in effek, weliswaar onwetend, 'n geldige verweer geopper het nie.

9. Ek sê onwetend, omdat die landdros ook nagelaat het om, voordat die beskuldigde op die aanklag gepleit het, aan hom die bepalings artikel 31(2) van die Wet op Onderhoud te verduidelik (sien **S v Nduku** 2000 (2) SACR 382 (Tk HC) par [11]-[12], **S v Morekhure** 2000 (2) SACR 730 (T) op 732 (i) tot 733 (i) en **S v Magagula** 2001 (2) SACR 123 (T) par [81] ).

10. Selfs al sou aanvaar word dat die beskuldigde se tweede periode van werkloosheid aan sy eie toedoen te wyte was (in 'n dokument wat die aanklaer op 'n latere stadium van die vonnisverrigtinge op 'n totaal onreëlmatige wyse van die beskuldigde bekom en ingehandig het as bewysstuk, is te kenne gegee dat hy op daardie stadium sy verloor het omdat hy gedros het), sou die feit steeds bly dat hy ook op 'n ander stadium werkloos was en dat geen stappe geneem is om ondersoek in te stel na wat sy verduideliking daarvoor was nie.

11. Ek is van oordeel dat die landdros in sodanige omstandighede stappe moes geneem het om by wyse van ondervraging vas te stel of daar nie 'n pleit van onskuldig aangeteken moes word ingevolge artikel 113 (1) van die Strafproseswet nie.

12. Afgesien hiervan is die afleiding onvermydelik dat die beskuldigde wesenlik benadeel is deur die versuim om die bepalings van artikel 31(2) van die Wet op Onderhoud aan hom te verduidelik. Indien dit wel gedoen is, sou hy geweet het dat

sy werkloosheid 'n verweer (of minstens 'n gedeeltelike verweer) daar kon gestel het en sou hy moontlik nie sondermeer op die aanklag (soos wat dit bewoord was) skuldig gepleit het nie. Hierdie is dus nie 'n geval waar daar eenvoudig gesê sou kon word dat die bepalings van artikel 112 of 113 van die Strafproseswet nie nagekom is nie en dat daarom 'n bevel soos beoog in artikel 312 (1) van die Strafproseswet gemaak behoort te word nie. So 'n bevel sou die onreëlmatigheid wat begaan is reeds voordat die beskuldigde op die aanklag gepleit het, buite rekening laat.

13. In die omstandighede meen ek dat die verrigtinge met betrekking tot die skuldigbevinding nie ooreenkomstig die reg was nie en word die volgende bevel hierin gemaak:

**Die skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.**

______________________________

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

**Ek stem saam**

______________________________

**F E MOKGOHLOA**
**WAARNEMENDE REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**